



# OOSTELIKE SINODE VAN DIE NG KERK

*Die Sinode wat Hoor, Dien en Lei...*

---

UITVOERENDE AMPTENAAR, Posbus 73657, LYNNWOODRIF. 0040  
E-pos [uitamp@sinoos.co.za](mailto:uitamp@sinoos.co.za) Webblad [www.sinoos.co.za](http://www.sinoos.co.za)  
Tel 012 804 9543/4 \* Faks 086 231 0363

24 Januarie 2018

Liewe Dominee

## **PREDIKANTEKONFERENSIE 2018**

Vanjaar vind die sewe-en-twintigste predikantekonferensie van ons Sinode plaas sedert ons in 1985 die eerste keer by Badplaas bymekaar gekom het. Negentien van ons vorige konferensies was in die Wildtuin.

Hierdie konferensies het bygedra om ons Sinode te laat funksioneer as 'n Sinode-familie wat vir die Here, vir mekaar, vir die gemeenskap en vir die skepping omgee.

Die Sinodale Diensraad beskou predikante se versorging en toerusting as een van Oostelike Sinode se prioriteite. Daarom word die geleentheid met groot vrymoedigheid by elkeen aanbeveel. Vir die bywoning daarvan kry jy boonop ook VBO-punte.

Hierdie jaar vind ons konferensie 'n week ná Pinkster plaas, naamlik vanaf 28 Mei tot 1 Junie 2018. Dit is weer by Letaba in die Krugerwildtuin. Die konferensie word só ingerig dat aan toerusting, versorging en spiritualiteitsverdieping aandag gegee word.

Ons aanbieder is professor Jan van der Watt. Hy doseer Nuwe Testament en gaan vir ons die Johannes-Evangelie ontsluit tot op die punt waar ons daarvoor 'n preekreeks kan maak.

Jan skryf as volg oor ons geleentheid:

### ***Hoe preek ons vandag oor die groot temas van die Johannes-evangelie?***

*"In die geskiedenis van die kerk het die Johannes-evangelie 'n groot rol gespeel. Sonder hierdie besondere "geestelike evangelie" sou die kerk anders gelyk het en ons miskien anders geglo het.*

*Watter verskil maak hierdie evangelie aan ons geloof en ons siening van onself en die wêreld?*

*Aan die hand van die groot temas van Johannes se teologie gaan ons stap vir stap kyk watter impak hierdie evangelie op vandag kan hê. Daar gaan nie alleen na die teologie gekyk word nie, maar ook na maniere waarop daar oor die temas op 'n hermeneuties verantwoorde manier gepreek kan word.*

*Maak jou reg om met 'n lekker reeks preke oor die Johannesevangelie terug te gaan gemeente toe."*

Die vroue / mans van predikante is soos altyd welkom om saam te kom.

Die verskillende akkommodasie-moontlikhede (kampering, tente en rondawels) word ook hiermee aan jou gegee. Sal jy die vorm asseblief so **gou as moontlik** invul en jou / julle plek bespreek? Daar kan ook ongelukkig nie gevra word vir 'n spesifieke nommer vir 'n rondawel of permanente safari-tent nie.

Let asseblief daarop dat, indien jy verkies om **ALLEEN** in 'n tent / rondawel te bespreek, jy verantwoordelik is vir die minimum bedrag betaalbaar vir **TWEE PERSONE**.

Die aangeduide bedrae is akkommodasie vir vier nagte.

Die volle bedrag vir akkommodasie is betaalbaar teen die sluitingsdatum (22 Maart 2018).

Elkeen is self verantwoordelik vir die dagtarief wat in die Wildtuin betaal moet word, tensy jy oor 'n **Wildcard** beskik of dit daar aanskaf. Die dagtarief is R82-00 per persoon per dag. Dagtarief vir kinders 2 tot 11 jaar is R41-00 per dag.

Maandagaand is dit ons gebruikelike kuier om die braaivleisvure. Dit is 'n bring-en-braai waarvoor jy jou eie vleis en drinkgoed moet saambring, soos wat jy ook voorsiening moet maak vir jou eie kos vir die hele tyd in die Wildtuin.

**E-pos asseblief die inskrywingsvorm na : [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za)**

**Faks : 086 231 0363**

#### **BANKBESONDERHEDE VIR DIREKTE INBETALINGS**

**NG Kerk Oostelike Sinode  
ABSA - Lynnwoodrif Takkode - 632 005  
Rekeningnommer : 1420 146 562  
Faks asseblief die depositostrokke na : 086 231 0363**

- \* **LET WEL: GEEN TELEFONIESE BESPREKINGS SAL GEDOEN WORD NIE.**
- \* **INDIEN JY 'N PAAR DAE VOOR DIE TYD WIL GAAN OF LANGER BLY, MOET JY ASSEBLIEF SELF DIE BESPREKING DOEN. DIE TELEFOONNOMMER BY DIE PARKERAAD IS 012 426 5025.**
- \* **SLUITINGSDATUM is 22 MAART 2018 vir besprekings en betalings.**

<b>BAIE BELANGRIK: As gevolg van Sanparke se beleid oor wysigings aan besprekings, kan geen gelde terugbetaal word vir kansellering of "afgradering" van jou verblyf-opsie <u>NÁ DIE SLUITINGSDATUM NIE.</u></b>
--

Ons sien uit na nog 'n baie besondere predikantekonferensie. Moenie dit misloop nie!

Baie groete.

*Francois Retief*

**DS FJ RETIEF  
UITVOERENDE AMPTENAAR**

**INSKRYWINGSVORM VIR DIE PREDIKANTEKONFERENSIE**

**28 MEI TOT 1 JUNIE 2018**

Gemeente : \_\_\_\_\_

Kontakpersoon : \_\_\_\_\_

Telefoon- / selnommer : \_\_\_\_\_

**Dui asseblief duidelik met 'n X aan watter tipe akkommodasie verlang word.**

<b>CTT 2 - 2 Bed Safari tent - word uitsluitlik gereserveer vir egpare</b> R1 280 per persoon vir 4 nagte.	
---	--

<b>CTT 4 - 4 Bed Safari tent</b> R1 015 per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 - 11 jaar = R340 per kind vir 4 nagte.	
--	--

<b>CK6P - Kampeerplek met krag</b> R1 320 vir die eerste 2 persone vir 4 nagte. Elke bykomende persoon betaal R352 vir 4 nagte. Kinders 2-11 jaar = R176 vir 4 nagte.	
--	--

<b>BD2 - 2 bed Rondawel</b> R2 600 per persoon vir 4 nagte. <b>Geen addisionele persone word toegelaat nie.</b>	
--	--

<b>BG 2U - 2 bed Rondawel</b> R2 600 per persoon vir 4 nagte. <b>Geen addisionele persone word toegelaat nie.</b>	
--	--

<b>BD3 - 3 bed Rondawel</b> R2 600 per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 – 11 jaar = R520 per kind vir 4 nagte. <b>Geen addisionele persone word toegelaat nie.</b>	
---	--

<b>BD3U - 3 bed Rondawel</b> R2 800 per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 – 11 jaar - R520 per kind vir 4 nagte. <b>Geen addisionele persone word toegelaat nie.</b>	
--	--

<b>BG3U - 3 bed Rondawel</b> R2 600 per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 – 11 jaar - R520 per kind vir 4 nagte. <b>Geen addisionele persone word toegelaat nie.</b>	
--	--

<b>EA3U - 3 bed Hut</b> R1 580 per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 - 11 jaar = R340 per kind vir 4 nagte. <b>Geen addisionele persone word toegelaat nie.</b>	
---	--

**Noemnaam en Van van persoon wat by hierdie bespreking ingesluit is:**

1. \_\_\_\_\_
2. \_\_\_\_\_
3. \_\_\_\_\_
4. \_\_\_\_\_

\* Kind (meld ouderdom) \_\_\_\_\_

\* Kind (Meld ouderdom) \_\_\_\_\_

**Datum van inskrywing** \_\_\_\_\_ **Sluitingsdatum is 22 Maart 2018**

## BESKRYWING VAN AKKOMMODASIE

### **CTT 2 – 2 Bed Safari tent - word uitsluitlik gereserveer vir egpare**

**R1 280** : Per persoon vir 4 nagte.

Elke tent is toegerus met 'n waaier en yskassie. Beddegoed en handdoeke word voorsien. **Eetgerei en alle ander toerusting wat benodig word, moet asseblief saamgebring word.**

**Gemeenskaplike kombuis / badkamer.**

### **CTT 4 - 4 Bed Safari tent**

**R1 015** : Per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 – 11 jaar = **R340** per kind vir 4 nagte.

Elke tent is toegerus met 'n waaier en yskassie. Beddegoed en handdoeke word voorsien. **Eetgerei en alle ander toerusting wat benodig word, moet asseblief saamgebring word.**

**Gemeenskaplike kombuis / badkamer.**

### **CK6P - Kampeerplek met krag**

**R1 320** : Vir die **eerste 2 persone** vir 4 nagte. Elke **bykomende** persoon betaal **R352** vir 4 nagte. Kinders 2-11 jaar = **R176** per kind vir 4 nagte.

### **BD2 - 2 bed Rondawel**

**R2 600** : Per persoon vir 4 nagte. **Geen addisionele persone word toegelaat nie.**

2 enkel beddens. Lugversorger, yskas "hotplate", opwasgeriewe, eetgerei en badkamergeriewe. Beddegoed en handdoeke word voorsien.

### **BG2U - 2 bed Rondawel**

**R2 600** : Per persoon vir 4 nagte. **Geen addisionele persone word toegelaat nie.**

2 enkel beddens. Lugversorger, yskas, eetgerei, afskorting met badkamergeriewe. Beddegoed en handdoeke word voorsien. **Daar word gebruik gemaak van 'n gemeenskaplike kombuis.**

### **BD3 - 3 bed Rondawel**

**R2 600** : Per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 – 11 jaar = **R520** per kind vir 4 nagte.

3 enkel beddens. Lugversorger, yskas, "hotplate", opwasgeriewe, eetgerei en badkamergeriewe. Beddegoed en handdoeke word voorsien.

### **BG3U - 3 bed Rondawel**

**R2 600** : Per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 – 11 jaar = **R520** per kind vir 4 nagte.

3 enkel beddens. Lugversorger, yskas, eetgerei, afskorting met badkamergeriewe. Beddegoed en handdoeke word voorsien. **Daar word gebruik gemaak van 'n gemeenskaplike kombuis.**

### **BD3U - 3 bed Hut**

**R2 800** : Per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 – 11 jaar = **R520** per kind vir 4 nagte.

3 enkel beddens. Lugversorger, yskas, "hotplate", eetgerei, afskorting met badkamergeriewe. Beddegoed en handdoeke word voorsien.

### **EA3U - 3 bed Hut**

**R1 580** : Per persoon vir 4 nagte. Kinders 2 - 11 jaar = **R340** per kind vir 4 nagte.

3 enkel beddens. Lugversorger, yskas, wasbak. Beddegoed en handdoeke word voorsien.

**Let wel geen eetgerei. Daar word gebruik gemaak van 'n gemeenskaplike kombuis / badkamer.**

